

# JEUGLES: Paasfees 3

## Instruksies:

Hieronder is die verskillende aktiwiteite. Print dit uit, knip dit uit, en sit 'n stel in 'n boksie of sakkie. Vou die papiertjies toe, en skryf die nommer van die aktiwiteit aan die buitekant van die papiertjie.

**Aktiwiteit 1:** Kry julle spasie reg vir die nagmaal. Gooi die lappie op die vloer, pak die glasies en die broodjies uit en gooi die sap in die glasies in.

**Aktiwiteit 2:** Gee die kinders wat die nagmaal wil gebruik nou die kans om dit te doen.

**Aktiwiteit 3:** Die leiers in elke groep bid en sê vir Jesus dankie dat Hy bereid was om hierdie vreeslike straf vir ons sondes te dra – straf wat eintlik ons s'n moes gewees het.

**Aktiwiteit 4:** Gee vir elke kind 'n spyker en laat die kinders voel hoe skerp dit is. Laat die wat braaf genoeg is die spyker teen hulle handpalms druk om te voel hoe seer dit is. Jesus se pyn wat 100 maal erger as wat jy nou voel. En dit het Hy vir my en JOU gedoen! (neem asb weer die spykers op na die tyd).

**Aktiwiteit 5:** Ek gaan so paar oomblikke gee waarin elkeen saggies by hulle self vir Jesus dankie kan sê dat Hy vir hulle sondes aan die kruis gesterf het.

**Aktiwiteit 6:** Gee vir elke kind 'n blaaijie, pen en backing bord en laat hulle "Jesus het vir my sondes betaal" daarop skryf. Hierdie papiertjie moet hulle huistoe vat en êrens gaan oplak, of in hulle Bybels sit.

**Aktiwiteit 7:** Elke kind kry 'n ballon wat hulle moet opblaas – daarop skryf hulle met 'n kookie "Jesus leef". Hierdie ballon moet hulle ook huistoe vat (ek weet van hulle gaan dit heel waarskynlik bars, maar dis hulle probleem, ons doen dit vir die kinders wat iets daaruit gaan kry).